

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

ds. PJ Kriel

Geloofsgehoorsaamheid 21

10.02.2019

Inhoud Hierdie preek gee 'n verduideliking van die betekenis van die gebed in die “Ons Vader” dat die Here ons van die Bose moet verlos. Die Satan wou Christus se mag breek deur Hom 'n valse Christus te laat wees met of absolute politieke mag, of wondermag om verhewe bokant die gewone skeppingslewe te leef of om met goddelike mag die goddeloses van hierdie wêreld aan die moraliteit van geestelikes te onderwerp. Só sou Hy Christus se mag breek om vir ons sondes te sterf en God met ons te wees in sy liefde en genade. Christus het hierdie valse Christusbeelde verwerp en deurbreek deur die Christus te word wat vir ons aan die kruis bly hang en gesterf het. Só het hy die Duiwel se mag om ons as skuldige en slegte mense van God te vervreem, en is Hy altyd God met ons in sy liefde. Ons bid dat die gekruisigde Jesus ons van hierdie valse Christusbeelde van Satan sal verlos deur vir ons Here en Christus met ons te wees.

Skriflesing Mat. 4: 1 – 11; 23: 8 – 10; 27: 35 44; 28: 18 – 20.

Teks Mat. 6: 9,13: “Ons Vader wat in die hemel is, verlos ons van die Bose.”

Tema Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

1. Jesus Christus se versoeking in die woestyn wys vir hoe die Satan Christus se mag probeer breek. Dit wys nie vir ons hoe ons self met die Satan moet baklei nie.

Die kinders!

Wanneer iemand vir julle probeer leer dat Jesus se versoeking vir julle wys hoe julle self teen die Satan moet baklei, dan word Jesus se versoeking amper soos iets uit die fliks oor Harry Potter. Elke keer wanneer die Satan Jesus met 'n Bybelversie versoek, dan kap Jesus hom met 'n sterker versie. Dit is soos Harry Potter en Lord Voldemort wat met toorstokkies kyk watter sterkste toorwoorde kan oor mekaar uitspreek. Predikante en pastore wat vir julle leer dat julle soos Jesus julle Bybelversies beter as die Duiwel moet ken om hom mee terug te kap, praat nonsens.

Wat Jesus hier en aan die kruis doen, wys ons nie hoe ons met Bybelversies soos toorwoorde teen die Duiwel moet stry en baklei nie. Jesus het ons nie kom wys hoe om 'n teksversiekompetisie met die duiwel te wen nie. Jesus se versoeking wys ons hoe Jesus ons verlos van die Satan sodat hy nooit weer met ons kan stry of baklei nie.

Daarom bid ons nie dat Jesus ons die versies moet leer om die Duiwel mee terug te kap nie. Ons bid dat Hy ons só van die Duiwel sal verlos, dat hy ons nooit weer kan verlei of met ons baklei nie.

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

2. Die Duiwel doen hier in die woestyn drie dinge waarmee hy probeer om Jesus se mag te breek sodat Jesus nie vir ons Here en Christus kan wees nie.

2.1. Hy maak asof Jesus sy goddelike mag moet gebruik om sy lewe op aarde vir Hom 'n makliker lewe te maak: Hy daag Jesus uit om van klippe in die woestyn brode te maak sodat Jesus nie meer honger in die woestyn kan wees nie.

2.2 Hy maak asof Jesus met goddelike mag moet bewys dat Hy die Here van die tempel is wat die Jode vir God gebou het. Dit is wat Jesus moet bewys deur van die tempel se dak af te spring en met goddelike krag soos "Superman" saggies af te sak in plaas daarvan om Homself dood te val. Hy kan mense met God se krag en mag bemagtig teen die bose, godlose en slegte Romeine.

2.3 Hy maak asof hy aan Jesus al die mag oor die nasies van die wêreld kan gee as Jesus die mag van die Duiwel aanvaar. Dit beteken dat hy maak asof hy Jesus die magtigste man op aarde kan maak as Jesus geweld aanvaar as die mag waarmee Hy nasies moet onderwerp.

Drie maniere waarop die Duiwel die Here se mag probeer breek, 1. deur Jesus iemand te maak wat goddelike kragte en magte gebruik vir sy daaglikse menslike behoeftes 2. deur Jesus iemand te maak wat die tempel van die Jode die plek maak waar mense met God se krag en mag bemagtig word en 3. om Jesus iemand te maak wat met geweld die nasies van die wêreld aan Hom te onderwerp.

3. Dit is presies die 3 maniere waarop die mense wat in die mag van die Duiwel is, glo hulle Jesus se mag tydens sy kruisiging breek.

Pilatus probeer van Jesus as Here 'n bespotting maak deur sy absolute politieke mag. Hy het aan die soldate die opdrag gegee dat hulle 'n plakkaat bokant Jesus se kruis moet vaskap. Hierdie plakkaat was 'n politieke plakkaat nes al die politieke plakkaate wat ons van nou af teen al die bome en pale gaan sien tot en met die verkiesing.

"Bokant sy kop het hulle die aanklag teen hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus die koning van die Jode." (Mat. 27: 37) Uit die Johannes evangelie weet ons dat hierdie plakkaat in al die tale van die land was: Hebreeus, Latyn en Grieks.

Wat wys Pilatus met hierdie politieke plakkaat aan die kruis? Daarmee wys Pilatus dat hy die mag het om die Here van die kerk, die koning van die Jode, te kruisig al is hy onskuldig. Hy demonstreer die goddelike mag dat hy Jesus kan kruisig omdat Jesus in die pad van die absolute mag en belange van die keiser in Rome staan.

Hierdie plakkaat is die Duiwel se wraak omdat Jesus nie sy mag om nasies met geweld te onderwerp, wou aanvaar en bekragtig het nie. Hiermee wys hy deur

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

Pilatus dat hy Jesus met sy mag sal breek aan die kruis omdat hy nie deel van die mag van die wêreld wou wees nie. Hy wys dat hy Jesus sal breek met die mag wat Jesus nie aanvaar het nie.

As Jesus sy mag aanvaar het oor die nasies, sou dit Jesus gewees het wat Pilatus en al die ander konings van die aarde gekruisig het en met sy eie plakgate hulle voor die wêreld bespotlik gemaak het. Nou word Jesus deur Pilatus met hierdie mag gebreek.

4. Jesus is op die kruising van die hoofpaaie na die stad Jerusalem gekruisig. Die mense massa wat van die stad in en uit beweeg het, het by die kruis verbygeloop en gery. Hulle verwerp en minag Jesus met presies die woorde van die Duiwel in die woestyn: gebruik jou goddelike mag om jouself te help! “Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af.” Dit is dieselfde uitdaging as om van klippe brode te maak – help jouself met jou eie goddelike mag! Doen vir jouself ’n wonderwerk wat jou vrymaak van die swaarkry van hierdie wêreld.

Met hierdie minagting wys hulle dat die menslike krag van kennis, tegniek en geloof is magtiger as Jesus want hiermee kon hulle vir God ’n pragtige tempel bou, wat Jesus gesê het hy gaan afbreek en in drie dae weer opbou.

As Jesus van die kruis afgekom het en die tempel met sy goddelike krag en mag afgebreek en weer opgebou het, net soos “Superman”, sou hierdie mense massa dadelik Jesus as hul Leier aanvaar het. Want as hy met goddelike krag homself bo al die nood van en inperkings van hierdie skepping kan verhef, dan kan hy hulle lewe in hierdie moeilike wêreld ook met wonderwerke vir hulle verander.

Die Satan probeer die Here breek deur die mense massa wat Hom verwerp omdat Hy nie vir Homself of vir hulle met wonderwerke hul lewe kan makliker maak nie.

5. Die derde manier waarop die Satan die Here probeer breek tydens sy kruisiging is deur die Joodse geestelikes wat vir Jesus sê: “Kom van die kruis af en ons sal in jou glo as ons redder.”

Dit is presies die versoeking van die Satan dat Jesus Homself die Here van die tempel moet maak deur van die tempel se dak af te spring. Deur van die kruis af te kom, sou Jesus vir hulle gewys het Hy kan van die tempel se dak afspring!

Die kinders! Julle ken mos hierdie uitdagings wat julle baie keer maak aan julle maats: “Spring! Spring!” Daarmee daag julle mos baie keer iemand uit om iets te doen wat julle weet hy nie regtig kan doen nie, maar as hy dit dan doen, dan is hy julle held.

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

Net so sou hulle Jesus op die stoel van Moses as hulle Christus gaan laat sit het binne in hulle tempel as Hy met goddelike krag en mag Homself van die kruis gered het. Die stoel van Moses is die magsposisie van mense wat hul self vir God regmaak sodat God hulle met sy krag en mag kan toerus om die goddelose wêreld te onderwerp aan God.

Die wraak van Satan is dat omdat Jesus Homself nie red om die Here van die tempel te word nie, word Hy deur die Joodse geestelikes verwerp as 'n valse Christus. Hulle was die mense wat gewag het vir die Christus en nou verwerp hulle Jesus. Op hierdie wyse word Jesus dan deur die Satan deur die Joodse geestelikes gebreek.

6. Is dit wat op die kruis gebeur het?

- Die Duiwel het met sy mag Jesus deur Pilatus se absolute politieke mag gebreek omdat Hy nie met die geweld van die wet mense aan Hom wou onderwerp nie.
- Die Duiwel het Jesus deur die mensemassa gebreek deur hom te verwerp omdat Hy Homself nie met goddelike mag kan help uit die swaarkry van hierdie wêreld nie.
- Die Duiwel het Jesus deur die Joodse geestelikes gebreek deur Hom as 'n valse Christus te verwerp wat nie die mag van die wet van God in die tempel kom bekragtig het nie.

Dit is die diepste geheimenis van Jesus se kruisiging. Deur nie van die kruis af te kom nie, maar aan die kruis te sterf as sondaar tussen sondaars, as sondaar tussen die rowers, het Jesus die mag van die Bose gebreek en ons van die mag van die Bose verlos!

Jesus kondig die mag wat hy gekry het deur aan die kruis te bly in hoofstuk 28 só aan: Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde, bedoelende deur God die Vader en daarom is Jesus Christus, die Seun van die Vader, nou vir altyd God met ons

Hy het alle skuld, oordeel, aanklagte en straf van die wet van God oor ons weg gevat en Hy laat ons altyd in sy liefde en goedheid as God met ons leef.

7. So?

Wie het wie se mag aan die kruis gebreek?

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

Het die Duiwel Jesus se mag gebreek om 'n politieke Messias te wees wat mense onderwerp aan sy mag, 'n Messias te wees wat met wonderwerker mense se lewe makliker maak te wees of 'n Messias te wees wat mense met die mag van God se wet regeer?

Of het Jesus die Duiwel se mag gebreek om ons van God weg te hou met sulke valse Christusse wat die Duiwel se Christusse is?

Hoe spesiaal sou die Here gewees het as Hy een van die Duiwel se Christusse geword het? 'n Politieke Messias met mag om mense te onderwerp, 'n wonderwerker wat mense se gewone lewe makliker maak of 'n Messias wat mense aan die mag van God se wet onderwerp om hulle self vir God reg te maak?

Want dit is hoe al die geestelikes van hierdie wêreld wil wees!

Jesus wys dit vir sy dissipels in Mat. 23: 8 – 10 “Maar julle moet julle nie ‘rabbi’ laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. Moet niemand hier op aarde as ‘vader’ aanspreek nie, want Een is julle Vader; die Vader in die hemel. Julle moet julle nie ‘leiers’ laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus.”

Dit was die verleiding van Satan – om net nog een van die geestelikes te wil wees soos alle geestelikes

- wat 'n magtige politieke vaderfiguur is deur sy goddelike mag,
- wat 'n leier is wat met goddelike mag wonderwerke doen om mense van die gewone lewe vry te maak en
- 'n leermeester te wees wat met goddelike mag God se wet op mense afdwing.

8. Jesus het al hierdie magsposisies en magte van hierdie valse Christusse verwerp en vir ons die Christus geword wat aan die kruis gebly en godverlate aan die kruis gesterf het. So het hy alle mag ontvang om ons van alle sonde vry te maak en altyd God met ons te wees.

Die Here het ons op hierdie wyse verlos van die mag van die Satan. Sy mag is om ons van God te vervreem deur ons te laat glo in valse Christusse.

- Christus maak God die Vader ons Vader en laat ons in die Vader se liefde leef. Dit maak ons vry van al die goddelike vaderfigure wat hulle voorhou as ons versorgers: omdat God die Vader ons Vader is, kan ons nooit in 'n politieke magtige glo as die “vader van die volk” of “die vader van die nasie” nie. Hulle is nie ons vaders nie. Hulle is net staatsamptenare.

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

- Christus gebruik die krag van sy godheid as Seun om ons in te sluit en te laat deel in alles wie Hy as mens aan die kruis en graf vir ons was, sodat ons as God se heilige, onskuldige en regverdige kinders die lewe kan leef waartoe God ons bestem het. Op hierdie wyse bevry Jesus ons van alle geestelike leiers wat met wonderwerke ons van ons aardse lewe en aardse bestemming wil losmaak om een of ander goddelike lewe te wil leef.
- Christus is ons Leermeester wat vir ons leer wat sy lyding, kruisiging en opstanding vir ons beteken. op hierdie wyse verlos Hy ons van alle mense wat dink hulle kan met God se wet vir ons leer hoe om reg te leef.

9. Dit is wat ons bid wanneer ons tot God die Vader bid dat sy Seun ons van die Bose sal verlos.

Ons bid dat Jesus as die gekruisigde Christus ons Here sal wees en ons van alle ander soorte Christusse wat die Satan opmaak in die plek van Jesus sal verlos!

- Ons bid tot die Vader van Christus. Ons bid dat Jesus met ons sal wees en sy Vader ons Vader sal laat wees, sodat ons nie afhanklik van die Satan se magtige vaderfigure hier op aarde sal wees nie.
- Ons bid tot Christus wat ons Leermeester is aan die regterhand van die Vader. Ons bid dat Jesus ons sal leer hoe om te leef as mense wat Hy insluit in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, mense maak wat vir God die Vader heilig is, regverdig is, onskuldig en strafloos is. Ons bid dat Jesus ons sala red van alle geestelikes wat dink hulle kan ons deur God se wet die regte lewenswyse leer.
- Ons bid tot Christus wat God met ons is en ons Leier is op aarde is. Ons bid dat Christus ons in ons aardse lewe sal lei om deel van ons skeppingstake en skeppingsroeping te wees waarvoor God ons in en deur ons gene voor gemaak het. Ons bid dat die Here ons sal red van alle goddelike mense wat glo hulle kan met wonderkragvir ons 'n ander wonder wêreld skep waar ons nie meer deel van die skepping is waarvoor die Here ons gemaak het nie.

So bid ons dat die Here ons van die Satan se valse Christusse sal red deur vir ons die Christus te wees wat aan die kruis gebly het vir ons sonde en nou self God met ons is!

Ons Vader wat in die hemel is, red ons van die mag van die valse Christusse van die Duiwel deur U gekruisigde Seun vir ons Here en God te laat wees.

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

10. Wanneer dit is wat ons met hierdie gebed bid, is dit 'n noodsaaklike gebed wat ons elke dag in hierdie land en wêreld moet bid! Want die Duiwel wil elke dag ons geloof breek in Christus met al die valse Christusse wat hy skep.

Kom ons kyk hoe doen hy dit vandag!

Mense wat absolute mag oor mense, volke en nasies soek het 'n nuwe politieke plakkaat bokant Jesus se kruis vasgeslaan: "Die koning van die Afrikaners!"

Ons verstaan nie altyd die motiewe van hulle wat ons wil verneder en onderwerp aan hulle absolute mag nie. Van teologiese professore, deur predikante en pastore heen tot en met Afrikaanse media,- sake- en gemeenskapsleiers het hierdie nuwe plakkaat bokant die kruis van Christus opgesit: "die Koning van die Afrikaners!"

Hoekom?

Om die kerk wat in die gekruisigde Here wat uit die dood uit opgestaan het, glo, te breek. Hulle het in die krag van hul intellektualiteit en magsdrifte besluit Christus het nie vir die sondes van sondaars aan die kruis betaal nie en Hy het nie as mens uit die dood uit opgestaan nie, want dit is onwetenskaplik en pas nie by hul magsdrifte nie. Daarom wys hulle dat hy net so magteloos en nutteloos is vir hul mag is soos die Afrikaners vandag vir die magte in die land is.

Hierdie plakkaat demonstreer die nuwe mag waardeur jy jouself kan bemagtig en verryk en wat van Christus 'n bespotting as 'n swakkeling in hierdie wêreld maak – die mag van Afrika. Die nuwe Christus is die koning van Afrika, nie die koning van die Afrikaners nie!

Dit is wat ons bid wanneer ons bid, verlos ons van die Bose! Red ons van hierdie plakkate wat die magtiges en driftiges van hierdie wêreld bokant die kruis vasslaan om van Christus en ons 'n bespotting te maak. Wees U vir ons die gekruisigde Here aan die regterhand van God ons Vader.

11. Vandag is daar elke dag 'n nuwe profeet en geestelike wat Jesus iemand maak wat klippe in woestyne brode maak!

Hulle beeld 'n Jesus uit wat met goddelike kragte en magte jou losmaak van die swaarkry van hierdie wêreld en jou deel maak van 'n nuwe wonderwêreld waar jy met goddelike kragte en magte nie meer siek is nie, nie meer arm word nie, nie meer met gebrek leef nie, nie meer sukkel met peste en plaë nie en sonder reën superoeste kan afbring.

As jy iemand is wat in die swaarkry van hierdie wêreld sukkel met jou roeping en take om God te dien, dan minag hulle jou en jou Here as swak en nutteloos.

Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees

Wanneer ons dan bid, red ons van die Bose, dan bid ons dat god ons sal red van hierdie wondergod wat mense uit hierdie skepping in 'n wonderwêreld wegruk wat sommer net 'n fantasie is. Ons bid dat Jesus Christus god met ons in sy skepping sal wees sodat ons ons skeppingsdoel kan vervul, nie dat hy vir ons klippe in borde sal verander nie.

12. Net so!

Wanneer ons bid dat die Here ons van die Bose sal verlos, dan bid ons dat hy ons sal red van al die geestelikes wat preek dat Jesus in elke erediens elke Sondag van die kerk se dag gaan afspring!

Dit is die Duiwel se valse Christusbeeld! Elke erediens moet 'n magsvertoning van Jesus word waardeur Hy wys dat hy ons ook met goddelike mag en krag sal vervul sodat ons die morele leiers van en oor hierdie goddelose wêreld sal word. Jesus moet in elke erediens van die kerk se dak afspring sodat ons die goddelike krag en mag het om goddeloses te gaan kruisig, net soos die Joodse geestelikes Jesus as 'n rower laat kruisig het!

Ons bid dat die Here ons van hierdie drif sal verlos sodat ons in eredienste Hom as god met ons sal loof, dank en eer omdat Hy ons heilig, regverdig, strafloos en onskuldig vir God gemaak het! Ons bid vir 'n goddelose wêreld dat die gekruisigde Here hulle van hul sondes sal red. Ons kruisig hulle nie in die Naam en met die krag en mag van God nie.

Daarom bid ons elke dag in hierdie wêreld vol valse Christusbeelde – verlos ons van die Bose, wees U die gekruisigde Seun van die Vader ons Here.